430. E2.13.1



## INSIG.

1.Regter Willem Heath,hoof van die spesiale eenheid wat aangestel is om korrupsie uit te roei,doen interim verslag.Hy se in 834 gevalle wat hy kan bewys ,is meer as R9,17 miljart betrokke en volgens hom is dit “maar net die seekoei se ore”Daar is gevalle van behuising subsidies bedrog,staatsamptenare en politici wat staatsplase vir R7,500.00 aan hulleself verkoop en dan weer virR750,000.00 verkoop,distriksgeneeshere wat lieg oor hoeveel kilometers hulle per dag gereis het, en hoeveel pasiente hulle gesien het,honderde skole wat nie die meublement ontvang het waarvoor betaal is ens.,ens.En se die regter, dit strek so ver terug as 1976;dus kan n mens nie die verskynsel van korrupsie op net die brood van die ANC smeer nie.

2.Maar sedert hulle aan bewind gekom het, lyk dit nie eintlik of die pas verslap het nie.Daar is onreelmatigheid met staatstenders,Premiers wat verdink word van bedrog, n Assistant Speaker wat lieg oor n rybewys,n Provinsiale Minister van Veiligheid wat ondersoek word vir bestuur sonder n rybewys en vir myneed,n pensioen skandaal in die Oos-Kaap, die voorsitter van die Sentrale Energie Fonds wat vir omkopery en valse voorwendsels ondersoek word,bendelede van MK diewe wat koerantonderhoude voer sonder dat hulle gearresteer word,kreefwotas wat na nepotisme ruik, voormalige lede van die Onafhanklike Uitsaai Agentskap wat staatsgeld gesteel het, en wat sonder om terug te betaal, weer aagestel word in staatsdiensposte met vet salarisse, wydverspreide korrupsie onder polisiemanne en tronkbewaarders ens.,ens.

3.Die belangrikste wat blyk uit die voortslepende korrupsie,voor en na die ANC aan bewind gekom het,is dat dit ideologies neutraal is.Wat ookal die edele pretensies van die bewindhebbers van die dag oor waar hulle die land wil neem,die wat korrup is word gedryf deur n ander agenda:een van grenslose gierigheid,oneerlikhied, ongevoeligheid vir die swaarkry van ander en skroomlose plundery van die bates van die staat ten koste van die algemene welvaart.Hulle versimboliseer die antitese van n werkende nasiestaat wat omsien na die belange van sy burgers ,en is konstante en deurlopende ondermyners van enige ontwikkelende en algemene gevoel van burgerlike solidariteit en pligsgevoel.Hulle maak uiteindelik n gemeenskaplike gevoel van lojaliteit teenoor die staat en die legimiteit van sy instellings onmoontlik.Kort gestel die gewone burger gee naderhand nie meer n duit om vir enige iets nie,omdat hy voel dat niemand meer omgee vir hom nie.So word die bose

kringloop van korrupsie bestendig want dit is in hierdie teelaarde waar dit floreer.Korrupte mense is letterlik burgers wat nie n duit omgee vir enige iets behalwe hulself nie.As daar genoeg van hulle in n land is,gaan die land ongetwyfeld ten gronde.Maak nie saak watter mooi planne die bewindhebbers het vir nasiebou,menseregte, regstellende aksies,gelykwaardige onderwys,ekonomiese groei of n groeiende demokratiese kultuur nie.Die kanker le in die murg van openbare administrasie.Die strukturele grondslag van korrupsie le in die omvang van die staat se indringing in die algemene lewe van die samelewing.Hoe groter die omvang, hoe groter die kanse vir korrupsie. Dit is veral so waar meer en meer sektore in die samelewing vir hulle ekonomiese bedrywighede afhanklik is van die goedkeuring en samewerking van die staat.En dit is presies hier waar die kwaadaardigste erfenis van die Apartheid era le.Die staat het op haas elke denkbare manier ingerdring in die private lewe van sy burgers.

4.Maar dit help absoluut niks vir die regering van die dag om verskonings te soek nie:"dit is die erfenis van Apartheid"-mag wees, maar die besef maak dit nie ongedaan nie;dit gaan voort."Dit was toe julle beurt,nou is dit ons syne"-mag wees, maar dan word dit net bestendig en versterk;dit gaan voort."Dit is net blanke rassisme om gedurig die aandag te vestig op korrupsie onder n hoofsaaklik swart bewind",- mag wees, maar as dit dieselfde korrupsie is as onder n wit bewind,bly die probleem dieselfde;dit gaan voort.Korrupsie is korrupsie is korrupsie.Om die fundamentele fout daarvan te erken,is nie dieselfde as om verskonings daarvoor te soek nie.n Regering wat verskonings soek vir korrupsie, berei sy burgers voor vir swarigheid, en homself vir demonstreerbare irrelevansie.

5.Die ANC regering het goed begin deur sterk aanduiding te gee dat groter vryheid teruggeplaas gaan word in die samelewing.Die dilemma is egter dat met groter regte, kom groter verantwoordelikhedeDit is tot die krediet van die ANC regering dat dit n spesiale taakmag aangestel het onder leiding van regter Willem Heath om n deurtastende ondersoek na korrupsie te doen, en n Openbare Beskermer in die persoon van Adv. Selby Baqwa om te reageer op spesiefieke aantygings daarvan.Maar dit is heeltemal ontoereikend.Dit is nie genoeg om te weet van korrupsie nie,ons moet weet wat daaromtrent gedoen word.Word die skuldiges gestraf en die geld teruggekry?Watter voorbeeld stel die bewindhebbers self?Word mense in skande afgedank,of word hulle sydelings

bevorder en liggies oor die vingers getik?As Provinsiale regerings klaarblyklik geld bestee wat hulle nie het nie,wie word tot verantwoording geroep?En hoe?Wat help dit om n openbare beskermer aan te stel, en hom dan nie n geskikte begroting gee om sy taak uit te voer nie?As R9 miljart verlore gaan deur korrupsie is R1/2 miljart n jaar te veel om dit te besweer ? Op die oomblik moet Selby Baqwa, met twaalf amptenare vanuit Pretoria,korrupsie aantygings oor die hele land ondersoek.Dis n grap!Dit is die verkose verantwoordelikheid van politici om staatsbesteding te prioritiseer.Om die manier se hulle vir die samelweing wat werklik vir hulle belangrik is, en wat nie.Dit help nie om n hele klomp Kommissies aan te stel en hulle dan te laat vrek van finansiele droogte nie.Dit is beter om hulle nie in die lewe te roep nie, as om verwagtings te skep dat hulle,hulle opdragte kan uitvoer. Met onbeteuelde korrupsie word dit sinloos om te praat van Kommissies van Menseregte,Geslagsgelykhieid, Waarheid en Vesoening ens. om hulle opdragte doeltreffend uit te voer.

6.Ek haal regter Willem Heath aan:"Daar is algemene apatie onder staatsamptenare om korrupsie teen te werk". "In gevalle waar mense wel tronk toe gaan,stap hulle as rykes uit omdat die publiek se geld nooit terugge-eis word nie"."Sindikate is in alle staatsdepartemente in elke Provinsie in die land werksaam en is besig om meer as ooit te floreer"."As dit nie vir beperking van fondse en gevolglike tekort aan personeel was nie,sou onreelmatghede wat baie wyer strek as dieR9 biljoen, oopgevlek word".Willem Heath se hy kan hierdie korrupte mense uitwys en sy aantygings boekstaaf.Niks sal korrupsie meer laat gedy as dat hy dit se,en niks daaromtrent gedoen word nie.Dit is n ope en amptelike uitnodiging dat daarmee voort gegaan moet word.

7.Maar voor ons, ons te veel verlustig in die verleentheid van die staat en sy verteenwoordigers,moet die burgers buite die openbare sektor ook hand in eie boesem steek.Sonder die lustige medewerking van die private sektor,georgniseerde misdaad en die algemene amorele onveskilligheid van die gewone burger,wat omkopery en spesiale gunste en gawes sien as die normale proses om vooruit te kom,sal korrupsie omkom van gebrek aan suurstof.Die mees elementere bestandeel van n morele hernuwing waarvoor Mandela onlangs gepleit het,is die individuele burger se verbintenis tot n morele maatskaplike orde;die aanvaarding van die geldigheid van ons openbare instellings;n weiering om klakkeloos by te staan as hulle gekorrupteer word.Daar is n intieme wederkerige verhouding

tussen straffelose amptelike korrupsie en openbare burgerlike onverskilligheid.Dit is ons plig om amptelike verskonings vir korrupsie aan die kaak te stel vir die impotente twak wat hulle is.Maak nie saak of ons van rassisme,gebrek aan patriotisme of teen revolusionere aktiwiteite beskuldig word nie. Niks sal n algemene gevoel van lojaliteit en verbintenis tot n"Nuwe Suid Afrika"meer versterk, as n regering wat verbete en sonder kompromis, op elke vlak,korrupsie met alle middele bestry. en n beroep op gewone burgers doen om te help nie.
Van Zyl Slabbert
26/2/98.

***************************
*** ACTIVITY REPORT ***
***************************

TRANSMISSION OK

| | |
|---|---|
| TX/RX NO. | 2872 |
| CONNECTION TEL | 4062676 |
| CONNECTION ID | |
| START TIME | 27/02 08:43 |
| USAGE TIME | 05'09 |
| PAGES | 5 |
| RESULT | OK |

430. E2, 13.1